**DIE GODDELIKE DRIE EENHEID IS WARE EN EWIGE GOD**

**Lees: Johannes 14: 1 – 20** **Teks: Johannes 14: 16 – 17a**

Ons vier hierdie week Erfenisdag. Vir die wêreld gaan dit oor my erfenis en waar ek vandaan kom. Dit is heeltemal mens gerig.

Maar wat is my en jou erfenis vanuit 'n geloofstandpunt? Ons het net vanoggend hier gestaan en saam ons geloof bely. Ons het daarin vertel wie God is en hoedat ons deur God tot stand gekom het. Hy het na die sondeval ons verlos en aan ons Sy Gees gegee om ons te lei op die pad wat Hy vir ons voorberei het.

Hierdie is die Drie Enige God wat ons dien. Oor hierdie Drie Eenheid word daar baie bespiegel, en daar is baie mense wat nie daarin glo nie, en dit ook nie wil aanvaar nie.

As dit nie vir God Drie Enig was nie,dan het ons vandag nie bestaan nie. Dan was ons geloof en belydenis nutteloos gewees. Maar Johannes verklaar in ons voorgelese gedeelte hoedat daar 'n Drie Eenheid is en hoe hulle by mekaar pas.

Die eerste band wat Johannes beskrywe is die band tussen Vader en Seun. Dit kom die duidelikste na vore as Jesus en Filippus met mekaar praat. Filippus wil hê dat Jesus aan hulle die Vader wil wys. Dan antwoord Jesus in vers 10 om hom te vertel dat Hy in die Vader is en die Vader in Hom. As jy Hom sien dan sien jy die Vader (9).

In alles wat Jesus doen sien jy die Vader raak en in alles wat Jesus sê hoor jy die Vader. Dit was vir die dissipels moeilik om te dink dat Jesus hulle gaan verlaat. Hoe sal hulle maak? Maar die belofte kom mooi na vore in vers 12 as Hy hulle vertroos deur hulle daarop te wys dat hulle nog dieselfde werke gaan doen. Met die werke word wonderwerke bedoel. Hulle gaan baie belangrike werk verrig in die Naam van Jesus Christus ter wille van die Vader. Hierin verwys Jesus na dit wat in Handelinge sou gebeur. Na die uitstorting van die Heilige Gees sou hulle kragtig in die wêreld te werke gaan.

Maar Jesus is nog nie klaar nie. Hulle vrees is dat hulle alleen agtergelaat sal word. Daarom gaan die troos en boodskap nog verder. In vers 16 vertel Jesus hulle dat Hy 'n ander Trooster sal stuur. Daarmee gee hy te kenne dat Hy self 'n Trooster is. Maar hulle gaan nie alleen gelos word nie. Hierdie Trooster gaan een van dieselfde soort wees. Dit is soos om twee dinge van dieselfde soort te besit. Hulle kan presies dieselfde werk doen. Hulle lyk diesefde en doen dieselfde. Dit is die Heilige Gees waarvan Jesus praat.

Die Gees is die een wat lei en verdedig wat troos en verseker. Daardeur vertroos Jesus sy dissipels met die gedagte dat Hy deur die Gees in hulle lewens teenwoordig sal wees. En Hy is die Gees van die Waarheid. Net soos Christus die weg en die waarheid en die lewe is.

Die Gees, die Seun en die Vader is Een. Al kan hulle drie van mekaar onderskei word, kan ons hulle nie van mekaar skei nie. Hulle vorm saam ‘n heilige Eenheid, wat soms moeilik is om te verstaan en te begryp maar wat vir ons die waarheid is wat God in Sy Woord aan ons openbaar.

Daarom as ons ons erfenis wil vier dan moet ons begin by die dien van die Een wat ons erfenis vir ons ‘n werklikheid gemaak het. God, Vader, Seun en Heilige Gees. Hulle gee aan ons hoop vir die toekoms en ‘n vooruitsig waarin ons uiteindelik die ewige lewe beërwe. Hoe wonderlik en heerlik is dit nie. Daarmee saam, deur die werk van Heilige Gees die wete dat ons nie die lewe alleen aanpak nie, maar dat ons deur ons Trooster bygestaan word en gelei word om God Drie Enig te eer.

**Ds. Neville Boy**
**18 Maart 2018**